*Maandag* **2**

**SKRIFGEDEELTE: RUT 3 EN 4**
**FOKUSGEDEELTE: RUT 3:10; 4:14**

**Geloof uitgeleef ... geloof bevestig en versterk**

In die verdere ontvouing van die verhaal gaan dit daaroor dat Elimelek, Naomi se man, in besit was van deelgrond naby Betlehem. Naomi het die grond verkoop vanweë haar armoede (4:3). Boas was 'n losser (tweede in direkte familie-opvolging) waarop Naomi haar hoop geplaas het dat hy nie alleen die eiendomsreg sou loskoop nie, maar ook met haar skoondogter, Rut – die weduwee van die regmatige erfgenaam van die deelgrond – sou trou. Só sou die name van haar oorlede man en haar seun, Maglon, in ‘n nageslag gevestig word. Hierdie hoop lei vir Naomi om Rut na Boas te stuur met ‘n skynbare snaakse opdrag.

Hoe dit ook al mag lyk, die Here beskik dat Rut haar geloof in die Here uitleef deur die opdrag uit te voer. Dan word hierdie geloofsdaad bevestig met die woorde in 3:10. Dit wat Rut doen, is selfs beter as alles wat sy tot nou toe gedoen het. Rut se geloof word bevestig in die handelinge wat daarop volg. Boas stel dadelik alles in werking om die belofte om as losser op te tree, uit te voer. Wanneer die naaste losser van sy lossingsreg afstand doen, word Boas die losser. Die weduwee uit Israel, Naomi en haar Moabitiese skoondogter, het 'n blywende heenkome gevind onder God se genadige beskikking.

Uit die huwelik word daar 'n seun gebore – 'n losser vir Naomi (4:14). Meer nog: die voortsetting van die nageslag van Juda en die voorvader van Dawid uit wie se nageslag die ware Losser, Jesus Christus, gebore sou word, word verseker.

Hy, wat deur God as Losser gegee is, sal sy volk van hulle sondes verlos (Matt. 1:21) – vir Naomi, Rut en vir almal wat in Hom glo ... ook vir jou.

*Sing: Psalm 105:1, 5*

*Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)*